
# LUKAS BYBELSTUDIE

Hoofstuk 15

AGS Helderberg



1 EN al (Mt. 18:17) die tollenaars en sondaars het die gewoonte gehad om na Hom te kom en na Hom te luister.

2 En die Fariseërs en die skrifgeleerdes (Lk. 19:7) het baie gemurmureer en gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle.

3 Toe vertel Hy aan hulle hierdie gelykenis en sê:

4 (Tot vers 7: Mt. 18:12-14) Watter man onder julle wat honderd skape het en (Eség. 34:6) een van hulle verloor, laat nie die negen-en-negentig in die woestyn staan en (Eség. 34:11,12,16) gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit kry nie?

5 En as hy dit kry, (Jes. 40:11) sit hy dit met blydskap op sy skouers.


# Lukas 15 Oorsig

- Die gelykenis van die verlore skaap: Skaapwagter los ander om verlore een te soek. Blydskap oor net een skaap wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore muntstuk: Vrou soek net dit. Blydskap oor net die verlore een wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore seun. Blydskap oor sy terugkeer.
- Sy ouer broer se reaksie. **(Vgl die ontevrede arbeiders in Matthéüs 20; God se regverdigheid en jalousie)**



https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53

6 En as hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was.



7 Ek sê vir julle dat daar net so **blydskap** sal wees in die hemel **oor <u>een</u> sondaar wat hom bekeer**, meer as oor negen-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.

# Lukas 15 Oorsig

- Die gelykenis van die verlore skaap: Skaapwagter los ander om verlore een te soek. Blydskap oor net een skaap wat gevind is.






https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53

8 Of watter vrou wat tien pennings het, as sy een penning verloor, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie?

9 En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: Wees saam met my bly, want ek het die penning gekry wat ek verloor het.

10 So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor (Mt. 18:10) die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

# Lukas 15 Oorsig

- Die gelykenis van die verlore skaap: Skaapwagter los ander om verlore een te soek. Blydskap oor net een skaap wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore muntstuk: Vrou soek net dit. Blydskap oor net die verlore een wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore seun. Blydskap oor sy terugkeer.
- Sy ouer broer se reaksie. **(Vgl die ontevrede arbeiders in Matthéüs 20; God se regverdigheid en jalousie)**



https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53

11 HY het ook gesê: 'n Man het twee seuns gehad.

12 En die jongste van hulle het vir sy vader gesê: Vader, gee my (Deut. 21:17) die deel van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel.

13 En nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe.

14 En toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land, en hy het begin gebrek ly.

15 Toe het hy hom by een van die burgers van daardie land gaan voeg. En dié het hom in sy veld gestuur om varke op te pas.

# Lukas 15 Oorsig

- Die gelykenis van die verlore skaap: Skaapwagter los ander om verlore een te soek. Blydskap oor net een skaap wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore muntstuk: Vrou soek net dit. Blydskap oor net die verlore een wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore seun. Blydskap oor sy terugkeer.
- Sy ouer broer se reaksie. **(Vgl die ontevrede arbeiders in Matthéüs 20; God se regverdigheid en jalousie)**



https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53

16 En hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit aan hom gegee nie.

17 Maar hy het tot homself gekom en gesê: Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger!

18 Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u,

19 en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.

20 En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en (Jak. 4:8) gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen.

# Lukas 15 Oorsig

- Die gelykenis van die verlore skaap: Skaapwagter los ander om verlore een te soek. Blydskap oor net een skaap wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore muntstuk: Vrou soek net dit. Blydskap oor net die verlore een wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore seun. Blydskap oor sy terugkeer.
- Sy ouer broer se reaksie. **(Vgl die ontevrede arbeiders in Matthéüs 20; God se regverdigheid en jalousie)**



https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53

21 En die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die hemel (Ps. 51:6) en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.

22 Maar die vader sê vir sy diensknegte: Bring (Sag. 3:4) die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete.

23 En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees.

24 (Efés. 2:1,5; 5:14; Kol. 2:13; Openb. 3:1) Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word.

# Lukas 15 Oorsig

- Die gelykenis van die verlore skaap: Skaapwagter los ander om verlore een te soek. Blydskap oor net een skaap wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore muntstuk: Vrou soek net dit. Blydskap oor net die verlore een wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore seun. Blydskap oor sy terugkeer.
- Sy ouer broer se reaksie. **(Vgl die ontevrede arbeiders in Mattheüs 20; God se regverdigheid en jalousie)**



https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53

25 En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange.

26 En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken.

27 Dié sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het.

28 En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy vader gaan toe uit en smeek hom.

# Lukas 15 Oorsig

- Die gelykenis van die verlore skaap: Skaapwagter los ander om verlore een te soek. Blydskap oor net een skaap wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore muntstuk: Vrou soek net dit. Blydskap oor net die verlore een wat gevind is.
- Die gelykenis van die verlore seun. Blydskap oor sy terugkeer.
- Sy ouer broer se reaksie. **(Vgl die ontevrede arbeiders in Matthéüs 20; God se regverdigheid en jalousie)**



https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53


29 Maar hy antwoord en sê vir sy vader: Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie.

30 Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.

31 Toe sê hy vir hom: Kind, (Joh. 8:35) jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue.

32 **Ons moet tog vrolik en bly wees**, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.

# Lukas 15 Oorsig





- Die gelykenis van die verlore seun. Blydskap oor sy terugkeer.
- Sy ouer broer se reaksie. **(Vgl die ontevrede arbeiders in Matthéüs 20; God se regverdigheid en jaloesie)**



https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53

AGS Helderberg



# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://www2.bible.com/af/bible/5/LUK.15.AFR53
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.